VAN DIE REDAKSIE

Die NGTT is nou 'n oopbron-vaktydskrif. Dit beteken dat dit voortaan gratis op die internet by die NGTT-webwerf by http://ngtt.journals.ac.za/pub gelees kan word. Hierdie uitgawe word vir die laaste keer in gedrukte vorm aan intekenaars gestuur. Lesers sal aan die einde van 'n jaar die opsie hê om die verskeie uitgawes van daardie jaar as gedrukte weergawe te bestel. Daarbenewens kan die uitgawes as 'n e-boek afgelaai en op 'n e-leser of selfoon gelees word.

Behalwe hierdie uitgawe, en 'n supplement onder die gasredakteurskap van die Kampense etikus, professor Frits de Lange, met bydraes wat hul oorsprong in twee intradissiplinêre teologiese kongresse in Kampen en Stellenbosch gehad het, sal lesers merk dat vorige NGTT-uitgawes ook binnekort op die webwerf gelees, uitgedruk of bestel sal kan word. Ouer uitgawes word stelselmatig gedigitaliseer – 'n projek wat deur die J. De Waal Neethling-trust gefinansier word.

Wat is die voordele van oopbron-publikasie? Die belangrikste is dat navorsing so wyd moontlik beskikbaar gestel word. Vir akademici vanoor die wêreld wat in die NGTT publiseer, het dit die voordeel dat hulle navorsing raakgesien en gebruik word en in soekenjins opduik.

Nog 'n voordeel van die oopbron-model is dat artikels geplaas kan word sodra dit vir publikasie gereed is. Daar sal jaarliks vier uitgawes wees, telkens al om die drie maande (spesiale supplemente uitgesluit). Dit beteken dat 'n uitgawe dan op 'n sekere tyd afgesluit en as geheel beskikbaar gestel word.

Die internet skep ook talle moontlikhede wat stuk-stuk tot die tydskryf toegevoeg kan word. Dit is byvoorbeeld nou reeds moontlik om in blog-formaat (of dan webjoernaal-formaat) op die webwerf op artikels te reageer. Artikels sal voortaan aanlyn deur die skrywers self ingedien word, terwyl die keurproses ook elektronies sal geskied. Skakels tussen die aanlyntydskrif en ander webwerwe sal die interaksie tussen akademici en ander belangstellendes verbreed en verryk. Nuwe tydskrif-uitgawes word byvoorbeeld reeds op Sol Iustitiae, die aanlyn-gespreksforum van die Fakulteit Teologie van die Universiteit Stellenbosch, aangekondig en via 'n skakel maklik beskikbaar gestel.

Om 'n webwerf professioneel te laat bestuur is nie goedkoop nie. Die idee is nie om in vergelyking met 'n gedrukte weergawe geld te spaar nie, maar om – in die dikwels gebruikte uitdrukking van die US se visierektor navorsing, prof. Arnold van Zyl – die koste van die leser na die verskaffer te verskuif. Die NGTT as oopbron-publikasie kon 'n werklikheid word danksy die steun van prof Nico Koopman, dekaan van die US se Fakulteit Teologie, asook genoemde visierektor en die biblioteekdienste van die US wat die skep en instandhouding van die webwerf en verbandhoudende tegniese sake vir 'n periode van ten minste drie maande kostevry aanbied.

Die reusebydraes van die Christelike Lektuurfonds, wat die NGTT al jare lank borg, me. Hester Nienaber wat die administrasie wat met die keurproses saamhang, asook die notulehouding van redaksievergaderings hanteer, en die redaksie self wat die oopbron-projek nog deurgaans entoesiasties gesteun het, word met dank erken.

In hierdie uitgawe is daar artikels van 'n gevarieerde oorsprong, maar in die besonder van die teologiese fakulteite van die Universiteite van die Vrystaat en Pretoria, asook bydraes uit die buiteland. Ons is trots op die akademiese gehalte van wat in hierdie uitgawe gelees kan word, en opgewonde oor die moontlikhede wat deur 'n nuwe era ontsluit word.

**Dr Gerrit Brand**
*Redakteur*
Desember 2011